# Knie-werk…

Augustus 2015

Volta à Bíblia

Mantém os teus olhos em Jesus - Heb 12:2

Centro de Formação

*"Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring"*
*Rom 10:15*

**Terugvoer:**
Stilte beteken daar het meer gebeur as waarmee ons kon byhou! Jammer vir die lang wag…

Martins Machava, een van ons oud-studente, is oorlede. Ons is dankbaar vir sy kragtige getuienis tot op die einde. Hy het God verheerlik met sy lewe. Bid veral vir sy seun, Malachi, wat nog 'n jong man is. Bid dat hy vir Jesus sal volg.



Pinkster in Lephalale was vir myself tot groot seën. "Kom na My toe" het weer vir my nuwe betekenis gekry. Bid saam vir geestelike oplewing in 'n gemeenskap wat onder baie druk leef.

Ons uitreik na die Noorde van Mosambiek was baie spesiaal. Die Here het die tyd gebruik om ons diep onder die indruk te bring van Sy hart vir die nasies. Ons glo Hy het ook op mense in die gemeenskap waar ons gaan leef en werk het 'n indruk van Sy liefde gelaat. Baie dankie vir elkeen wat ons in gebed gedra het.

Die pad soontoe het vir n paar uitdagings gesorg. Daar was erge vloede vroeër in die jaar en menige brue het in die slag gebly. Hierdie brug was veral goed vir ons geestelike lewe. Tien mense in 'n Landrover vir 13 ure elke dag vir 3 dae net om daar te kom was deel van die uitdagings!



Studente is met ons aankoms verdeel tussen 5 huishoudings versprei oor n gebied van omtrent 30km. Daar is saam landerye toe gegaan en gewerk, by gashere se familie gekuier en saans huisgodsdiens gehou. Gashere het uit hulle pad gegaan om tyd saam met ons studente te spandeer en hulle touwys te maak in die plaaslike kultuur.



In 'n tyd van verhoogde politieke spanning, was dit besonders om te sien hoe die Evangelie mense in liefde bymekaar bring terwyl die wêreld hulle eerder uit mekaar en teen mekaar sou wou hou.



God werk in harte, in die stilte, terwyl ons ons lewens met ander deel – selfs wanneer ons niks sensasioneels sien nie. Bid dat die vriendskappe wat gesmee is sal groei. Bid ook saam met ons dat die Here homself sal bly openbaar aan ons en die Makuas totdat elkeen self Sy stem sal hoor.



**Nuwe sake:**
Adam Matevula – die toordokter van Mutsandza wat verlede jaar tydens ons besoek daar tot inkeer gekom het – is weer op die gebedslysie. Tydens n onlangse besoek het ander gelowiges ons ingelig oor sonde in sy lewe. Plaaslike gelowiges het nie geweet hoe om die situasie te hanteer nie. Prys die Here dat Hy self die saak op Adam se hart geplaas het. Uit eie beweging het hy die saak met ons bespreek en kon meer duidelikheid kry oor God se wil. Weereens was dit net vir ons nodig om daar te wees om God aan die werk te sien. Bly saam met ons bid vir Adam en sy gesin maar ook vir die kerk in Mutsandza, dat God hulle sal vashou en sal lei deur sy Gees.

Ons hou eersdaags weer ons jaarlikse toerusting-seminar vir ons oud-studente. Willem Nortje kom die die Christen se wapenrusting hanteer terwyl ons ook toerusting in dissipelskap en kleingroep werk sal doen. Bid saam met ons vir nuwe moed en krag vir elkeen in die stryd teen die bose.



Prys die Here vir oop deure waar ons die Evangelie kan deel met gemeenskappe. Ons hou minstens twee 3 dag seminare per maand in villages en op plase in n radius van 180km rondom ons. Daar is min dinge so heerlik as om die lig te sien opgaan vir mense! Bid vir hierdie voortgaande werk. Bid ook dat die onderwysers nie sal moeg of hoogmoedig word in hierdie groot werk nie!



Daar is ‘n spesiale gebeds versoek is vir een van ons oud-studente, Carlito Valoi. Ons stap al ‘n hele ent pad saam met hom om hom te help om sonde in sy lewe te oorwin. Bid vir ‘n deurbraak – vir ware berou en bekering. En bid vir sy huwelik en die kerk waar werk.

Dankie vir julle belangstelling in die werk, julle liefde en gebede!

Liefdegroete
Willem & Carol